

Sessie 2. Regverdig deur geloof

Verlede week se sessie het gegaan oor Paulus se bekering en hoe dit sy tradisionele perspektief op godsdienstig op sy kop gedraai het. Met sy bekering het twee dinge met hom gebeur:



1. Hy het die Here van sy kinder en jongmens dae op 'n totaal ander en nuwe manier leer ken.
2. Alhoewel sy bekering sy lewe onmiddellik geraak het, het hy oor jare deur sy reise gegroei in die verstaan daarvan. Wat Romeine besonder maak is dat dit aan die einde van sy bediening geskryf is en 'n kern opsomming is van sy geloof insigte.

Wanneer ons gewoonlik tydens ons Bybelskool sessies met 'n Bybelboek besig is, neem dit ons op reis 'n volgende plek of groep te besoek. Ons sessies oor Romeine werk egter anders. Dit bring ons eerder elke week by sekere kern teologiese idees/gedagtes uit. Paulus word om hierdie rede die eerste Nuwe Testamentiese teoloog genoem. Julle sal agterkom dat hy nêrens, soos met die vier Evangelies, die stories oor Jesus se lewe vertel nie (uitgesonder sy sterwe, lyding en opstanding). Hy het spesifiek in die lig van die Ou Testament verhaal diep oor die implikasie van Jesus se lewe, lyding, sterwe en opstanding nagedink en sy gedagtes en insigte daarvoor in verskeie briewe gedeel. Dit mag dus vir jou voel asof ons by 'n klomp teoretiese/teologiese begrippe, wat jy laas in Sondagskool van gehoor het, vashaak.

Alles wat Paulus in sy briewe oor skryf kom eenvoudig neer op dit wat in Romeine 1:16-17, 3:21-24 en 5:1-2 geskryf staan en in die volgende gedagte opgesom word:

Jy is in geloof deur God regverdig verklaar sonder dat jy dit verdien (enige godsdienstige reëls of wette probeer

Jy is deur God se
genade regverdig
verklaar sonder dat
jy dit verdien!


nakom). Hierdie geloof, wat die hart van ons Gereformeerde tradisie uitmaak, is aan die een kant eenvoudig verstaanbaar, maar tegelyk tyd ook aan die ander kant geldig moeilik.

Dit is **MAKLIK**, omdat dit eenvoudig verkondig dat God, ongeag of jy reg of verkeerd doen, die Verlosser is. Jy word, sonder dat jy dit verdien en slegs op grond van God se goedheid (genade) vrygespreek! Geen onreg, mag of krag kan in die pad van

hierdie genade staan nie. In my kantoor hang die volgende woorde wat my gedurig daaraan herinner: “God het jou lief – *finish* en klaar”.

Hierdie waarheid word mooi verwoord in die bekende lied, *Amazing Grace/Genade*

onbeskryflik groot. Dit is in hierdie



konteks dat Paulus na Christus as Verlosser en die goeie nuus van die Evangelie verwys. Neem tyd en dink vir 'n oomblik aan die praktiese implikasies hiervan. Die waarheid is uitdagend en bring ons gevolglik by die ander kant van “genade onbeskryflik groot” uit.

Dit is **MOEILIK** om rede ons sukkel om hierdie radikale waarheid vir onself en ander om ons toe te eien. Die groot kwessie wat in ons pad staan is die realiteit van sonde waarmee ons voortdurend worstel, onself en ander aan beoordeel en net nooit van ontslae kan raak nie. Paulus skryf in Romeine baie eerlik oor sy eie stryd daarmee en reageer baie skerp oor hoe ons ander mense op grond daarvan beoordeel/veroordeel. Ons gaan dus in vandag se sessie hieraan meer aandag gee. Julle sal agterkom dat Paulus in Romeine 'n klomp uitdagende vrae oor sonde, wat in mense geleef het, in sy brief verwoord en dan kortliks daarop antwoord.

- Daar is tog 'n duidelike onderskeid tussen reg en verkeerd. Hoe kan dieselfde genade van God vir alle mense, ongeag of hulle reg of verkeerd doen geld? Dit is mos nie regverdig nie!
- Mense wat goed doen behoort vir hulle toewyding beloon te word, terwyl die wat verkeerd doen tog die gevolge moet dra.

“Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en dié wat verkeerd doen” (Matteus 5:45).

- Wat is die motivering om weg te bly van die slegte as God se genade onvoorwaardelik is? Dit kan as verskoning dien om met die verkeerde aan te hou.
- Daar moet tog meer reëls geld om mense se gedrag te reguleer as net God se genade. Wat is die maatstaf/wet waaraan ons mense se lewens kan meet?

lets kortliks oor reg en verkeerd. Bekering word dikwels in ons Christelike kerke aan die doen van reg gekoppel wat helaas neerslag vind in 'n moraliteit waar 'n stel reëls oor reg en verkeerd 'n hoë prioriteit geniet. In Romeine praat Paulus gedurig hieroor wanneer op verskeie plekke na die beperkings van die Wet van Moses verwys. Paulus se eie bekering lê op 'n ander vlak. Te midde van sy sonde en skuldgewete het God se goedheid hom oorweldig. Eerder as om wette na te kom het hierdie genade hom geïnspireer tot dade van liefde, vreugde, vrede, goedheid, nederigheid, verdraagsaamheid, getrouheid, selfbeheersing (Gal. 5:22-25). 'n Mens kom alleen by Paulus se insig uit wanneer jy, soos hy gekonfronteer word met jou eie onvolmaaktheid en dieselfde vergifnis van God ook vir ander gun.

Paulus se stryd met sonde en die onvermoë van godsdienstige wette om hom te verlos.

Wanneer Paulus in Romeine oor sy stryd met sonde praat, doen hy dit binne die konteks van die Joodse godsdiens waarin die tempel, offers, die Wet van Moses en godsdienstige gebruike 'n sentrale rol gespeel het.

Die Wet van Moses (Thorah)

Dit Wet van Moses was 'n versameling van 613 bepalings wat vervleg is in die verhaal van die eerste vyf boeke van die Bybel. Die probleem was egter dat 613 wette nie voldoende was om alle situasies van die lewe te beoordeel nie. Daarvoor kon Jode Rabbi's by die tempel raadpleeg om uitspraak te gee. Hiermee saam is die *Mishna* (mondellinge Joodse wet) ontwikkel om nog riglyne te verskaf rakende dinge soos huwelike, egskeiding, siviele en



kriminele wette, godsdienstige prosedures en wette rakende wat rein/onrein (kos). Die groep wat Fariseërs, waaraan Paulus een behoort het, het hierdie wette nougeset nagekom. In Fil. 3:6 sê Paulus “in die onderhouding van die Wet van Moses om Vryspraak te kry was ek onberispelik”.

Lees meer oor Paulus se perspektief op die Wet van Moses in Rom. 2:12-3:20.


- “Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; intendeel, deur die wet leer ‘n mens wat sonde is” (Rome. 3:20).
- “Wat die Wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur Sy eie Seun in die gestalte van ‘n sondige mens te stuur as ‘n offer vir die sonde” (Rom. 8:3).

Die tempel in Jerusalem en bring van offers

Indien jy een van die wette in *Torah* of *Mishna* oortree het, kon jy deur ‘n offer by die tempel te bring daarvan ontslae raak (sien tempel van Salomo en Herodes op volgende blad). Op die tempel platvorm kon jy ‘n dier aankoop wat dan geslag is en deur die priester op die




altaar aan God geoffer kon word. Deur hierdie offer kon jy versoening kry vir jou sondes. Voor jy die tempel kon betree moes jy ‘n reeks reinigings handeling ondergaan, omdat onheilige mense nie voor ‘n heilige God kan verskyn nie.



Herod's Temple

King Herod the Great began renovations on the Second Temple approximately 20-19 BC. The entire temple wasn't completed until approximately 62-64 AD, only to be destroyed by the Romans in 70 AD.



Martin Luther's account of his own conversion

by Martin Luther (1483-1546)

The following selection is taken from the Preface to the Complete Edition of Luther's Latin Writings. It was written by Luther in Wittenberg, 1545. This English edition is available in Luther's Works Volume 34, Career of the Reformer IV (St. Louis, Concordia Publishing House, 1960), p. 336-337. In the first few lines of this selection, Luther writes, "during that year;" the immediate context indicates he is referring to the year of Tetzels death (July, 1519). This puts the date for Luther's conversion, in his own view, two years after the posting of the ninety-five theses.

Meanwhile, I had already during that year returned to interpret the Psalter anew. I had confidence in the fact that I was more skilful, after I had lectured in the university on St. Paul's epistles to the Romans, to the Galatians, and the one to the Hebrews. I had indeed been captivated with an extraordinary ardor for understanding Paul in the Epistle to the Romans. But up till then it was not the cold blood about the heart, but a single word in Chapter 1, "In it the righteousness of God is revealed," that had stood in my way. For I hated that word "righteousness of God," which, according to the use and custom of all the teachers, I had been taught to understand philosophically regarding the formal or active righteousness, as they call it, with which God is righteous and punishes the unrighteous sinner.

Though I lived as a monk without reproach, I felt that I was a sinner before God with an extremely disturbed conscience. I could not believe that he was placated by my satisfaction. I did not love, yes, I hated the righteous God who punishes sinners, and secretly, if not blasphemously, certainly murmuring greatly, I was angry with God, and said, "As if, indeed, it is not enough, that miserable sinners, eternally lost through original sin, are crushed by every kind of calamity by the law of the decalogue, without having God add pain to pain by the gospel and also by the gospel threatening us with his righteousness and wrath!" Thus I raged with a fierce and troubled conscience. Nevertheless, I beat importunately upon Paul at that place, most ardently desiring to know what St. Paul wanted.

At last, by the mercy of God, meditating day and night, I gave heed to the context of the words, namely, "In it the righteousness of God is revealed, as it is written, 'He who through faith is righteous shall live.'" There I began to understand that the righteousness of God is that by which the righteous lives by a gift of God, namely by faith. And this is the meaning: the righteousness of God is revealed by the gospel, namely, the passive righteousness with which merciful God justifies us by faith, as it is written, "He who through faith is righteous shall live." Here I felt that I was altogether born again and had entered paradise itself through open gates. There a totally other face of the entire

Scripture showed itself to me. Thereupon I ran through the Scripture from memory. I also found in other terms an analogy, as, the work of God, that is what God does in us, the power of God, with which he makes us wise, the strength of God, the salvation of God, the glory of God.

And I extolled my sweetest word with a love as great as the hatred with which I had before hated the word "righteousness of God." Thus that place in Paul was for me truly the gate to paradise.

‘n Paar slot gedagtes oor sonde – laat God waarlik die ruimte om in jou lewe en wêreld God te wees

1. God is soewerein en sy oordeel is regverdig.
 - Romeine 1:18-20
 - Romeine 11:33-36

2. Wees versigtig oor hoe jy oordeel
 - Romeine 2:1-11 asook 17-24
 - Romeine 3:10-20

3. Aanvaar God se genade vir jou lewe
 - Romeine 3:21-24
 - Romeine 5:1-5
 - Romeine 6:1-14

Volgende week val die fokus op hoe ‘n lewe van genade ons lewens tot diensbaarheid transformeer